# Les 20 GOD DIE VADER IS DIE BRON VAN AL DIE GOEIE DINGE WAT NA ONS TOE KOM

## 1. Alles kom van God die Vader, die Seun en die Gees

Kom ons lees Efesiërs 1 vers 3 en antwoord dan die volgende vrae!

*"3 Aan God, die Vader van ons Here Jesus Christus, kom al die lof toe! Hy het ons in Christus geseën met al die seëninge van die Gees wat daar in die hemel is."*

- a. Wie is die een wat ons seën volgens hierdie vers?
- b. Wat is die manier waarop Hy ons seën?
- c. Wie se seëninge is dit?
- d. Waar kom die seëninge vandaan?

Hierdie vers beskryf vir ons die verhouding tussen God die Vader, God die Seun en God die Heilige Gees.

- a.) Dit is God die Vader wat ons seën. Om te seën beteken Hy gee vir ons Sy liefde en genade. Daarom staan in vers 3, "Hy", dit is God die Vader, is die een wat ons seën. Die Vader is die persoon wat besluit om ons te seën.

- b.) Die manier waarop die Vader ons seën, is deur Sy Seun, Jesus Christus. God die Seun, Jesus ons Here, is die persoon wat die seëninge bewerk. Al die gawes wat ons kry soos genade, liefde, vergifnis, lidmaatskap van die kerk, is gawes wat Jesus bewerk. Daarom sê vers 3 ons word "in Christus" geseën.

- c) Die seëninge is die gawes van die Heilige Gees. God die Heilige Gees is die persoon wat hierdie gawes wat God die Vader gee en Jesus bewerk, deel maak van ons lewe op aarde. Hierdie gawes van die Heilige Gees is die liefde, genade en goedheid wat God die Vader vir ons gee deur Jesus, wat dit vir ons bewerk.

- d) Hierdie seëninge kom van die Hemel af. Dit is omdat Jesus vandag in die Hemel ŉ mens van vleis en bloed is, net soos ons.

Hierdie vers wys ons daar is net een God, maar God is God die Vader, God die Seun en God die Heilige Gees.

## 2. Daar is net een kragsentrale, maar daar is drie instellings

Kom ons gebruik weer ons ketelvoorbeeld. 'n Ketel kry sy krag uit die bruindraad. Hierdie krag kom uit die kragsentrale, dit word opgewek deur 'n dinamo en dit word uit die kragsentrale tot by die ketel gebring deur 'n kraglyn-netwerk.

Ons kan die ketelvoorbeeld met God vergelyk.

- God die Vader is vir ons die kragsentrale;
- Jesus is die dinamo binne die kragsentrale
- en die Heilige Gees is die kraglyn-netwerk.

Dit is drie verskillende instellings, net soos God ook drie verskillende persone is, met elkeen 'n eie kenmerk.

**God die Vader** is die bron of oorsprong van alle liefde en genade – net soos 'n kragsentrale die instelling is waaruit alle krag kom.

**God die Seun** is die persoon wat die liefde en genade van die Vader bewerk – net soos 'n dinamo die krag binne 'n sentrale opwek.

**God die Heilige Gees** is die persoon wat die liefde en genade van God uit die Hemel deel maak van ons lewe hier op die aarde – net soos 'n kraglyn-netwerk die krag uit 'n sentrale orals heen versprei.

**Een en enige God** Die kragstasie, dinamo en kraglyne is drie verskillende dele van een saak: die kragonderneming.

Hierdie drie dele beteken nie dat daar drie kragondernemings is nie. Daar is net een: EVKOM. Daar is nie drie EVKOMs nie, daar is net een.

Net so is God die Vader, Seun en Gees drie persone, maar dit is net een Skepper van Hemel en aarde.

## 3. Volledige kragvoorsiening tot binne-in die ketel

'n Ketel weet nie hoe lyk 'n kragstasie, 'n dinamo of 'n kraglyn-netwerk nie. 'n Ketel weet ook nie waar hierdie instellings is nie. Al wat 'n ketel kan sien, is die koord en kragpunte. Net so ook met ons godsdiens. Ons kan nie God die Vader, Seun en Gees sien en verstaan soos wat hulle is nie, maar ons sien Sy Woord en dit wat Hy deur Sy Woord na ons toe laat kom.

Dit is vir 'n ketel genoeg dat die kragsentrale die krag uitstuur, die dinamo dit opwek en die kraglyne dit voorsien. Wat vir 'n ketel belangrik is, is dat hy deur die koord die krag sal ontvang. Nie dat hy kan sien en verstaan hoe kragvoorsiening werk nie.

Vir ons is dit ook so. Ons moet uit die Vader, Seun en Gees alle goeie gawes ontvang en daaruit leef. Dit is nie vir ons om God te probeer verstaan nie.

## 4. Die kragsentrale besluit oor die krag: God die Vader is die persoon wat alles beskik en bestuur

4.1 **Lees nou Efesiërs 1 verse 3 tot 14 en kyk na die volgende**:

- a.) Wie is die persoon wat die besluite neem en Sy wil laat geskied?
- b.) Wie is die persoon deur wie hierdie besluite en wil uitgevoer word?

Probeer dit eers self doen. Kyk hoe elke vers dit verskillende sê!

*"3 Aan God, die Vader van ons Here Jesus Christus, kom al die lof toe! Hy het ons in Christus geseën met al die seëninge van die Gees wat daar in die hemel is. 4 So het Hy, nog voordat die*

*wêreld geskep is, ons in Christus uitverkies om heilig en onberispelik voor Hom te wees. [5] In sy liefde het Hy ons, volgens sy genadige beskikking, toe ook al daarvoor bestem om deur Jesus Christus sy kinders te wees. [6] Daarom moet ons God prys vir sy wonderlike genade wat Hy in die Geliefde vrylik aan ons geskenk het. [7] Deur die bloed van sy Seun is ons verlos en is ons oortredinge vergewe kragtens die ryke genade van God [8] wat Hy in al sy wysheid en insig so oorvloedig aan ons geskenk het. [9] Hy het kragtens sy besluit en voorneme die geheimenis van sy wil aan ons bekend gemaak [10] en dit deur Christus tot uitvoering gebring op die tyd wat Hy daarvoor bepaal het. Sy bedoeling was om alles wat in die hemel en alles wat op die aarde is, onder een hoof te verenig, naamlik onder Christus. [11] Deur Christus het ons deel geword van die volk van God soos Hy dit vooruit al bestem het. So het Hy Hom dit voorgeneem, Hy wat alles laat gebeur volgens sy raadsbesluit. [12] Daarom moet ons, die eerstes wat ons hoop op Christus gestel het, die grootheid van God prys. [13] Deur Christus het ook julle deel geword van die volk van God toe julle die waarheid wat aan julle verkondig is, die evangelie van julle verlossing, gehoor en tot geloof gekom het. In Christus het die Heilige Gees wat deur God belowe is, julle as die eiendom van God beseël. [14] Die Heilige Gees is die waarborg dat ons ook verder sal ontvang wat God belowe het, wanneer Hy almal wat aan Hom behoort, volkome sal verlos. Daarom moet ons sy grootheid prys."*

**4.1 Vergelyk dit wat jy self gedoen het dan met die volgende**:

Vers 4:  a.) God die Vader het ons uitverkies om heilig en onberispelik voor Hom te wees.
b.) Hy doen dit in Christus.
Vers 5:  a.) God die Vader het bestem dat ons Sy kinders moet wees.
b.) Hy doen dit deur Jesus Christus.
Vers 6:  a.) God die Vader skenk ons Sy genade verniet.
b.) Hy doen dit in Sy Geliefde Seun.
Vers 8:  a.) God die Vader skenk ons verlossing en vergifnis van ons sonde.
b.) Hy doen dit deur die bloed van Sy Seun.
Vers 9:  a.) God die Vader het besluit en dit voorgeneem om Jesus aan ons bekend te maak.
b.) Hy het dit deur Jesus uitgevoer.
Vers 11 a. God die Vader het voorgeneem, besluit en so bestem dat ons deel van Sy volk sal wees.
b.) Hy het dit deur Jesus gedoen.
Vers 14  a.) God die Vader waarborg alles wat Hy ons beloof het.
b.) Hy doen dit in Christus, deur die Heilige Gees.

**4.2 Kom ons maak 'n lysie van alles wat God die Vader doen,  wat anders is as dit wat die Heilige Gees of Jesus doen**:

1. Hy is die persoon wat ons **kies.**
2. Hy is die persoon wat ons **bestem** om Sy kinders te wees.
3. Hy is die persoon wat ons Sy liefde **skenk**.
4. Hy is die een wat **besluit** dat ons deel van Sy volk kan wees.
5. Hy is die een wat **voornemens maak** om ons Sy liefde te  gee.

**4.3 God die Vader is die beheerkamer**

Die belangrike deel van 'n kragsentrale is die kamer met al die rekenaars en kontroles. In hierdie beheerkamer word al die besluite geneem en uitgevoer. Dit is nie iets wat in die dinamo of kraglyn-netwerk gebeur nie.

In die beheerkamer word besluit waarheen die krag gestuur word, waarvoor die krag bestem is, aan wie die krag gegee moet word en wie ingesluit word by die kragvoorsiening.

Dit is wie God die Vader vir ons is. Hy is die beheerkamer waarin al die krag gewil, gekies, besluit, bestem en voorsien word.

Ons kan, net soos ketels, seker wees dat God die Vader altyd **besluit** om aan ons Sy genade en liefde te voorsien, dat Hy alles **beplan** wat nodig is om aan ons Sy genade en liefde te voorsien, dat Hy altyd Sy genade en liefde aan ons **wil** voorsien en dat Hy **vooruit werk** om te sorg dat ons dit altyd sal kry. Hy is die een wat besluit het dat ons ingesluit is en deel sal bly van Sy voorsiening van genade en liefde.

Ketels hoef nie sulke besluite te neem of planne te maak om krag te bekom nie. Dit is iets wat in die sentrale geneem word, vír hulle. Net so hoef ons as Christene nie te besluit of te kies of te beplan om God se genade te kry, of deel daarvan te word nie. Dit is die werk wat die Vader in die Hemel elke dag vir ons doen.

## 5. God die Vader voer al Sy besluite en voornemens uit deur Jesus

Kom ons kyk weer wat God die Vader doen, wat Jesus of die Gees nie doen nie:

Hy is die persoon wat 1) ons **kies**;   2) ons **bestem** om Sy kinders te wees;   3) ons Sy liefde **skenk**;   4) **besluit** dat ons deel van Sy volk kan wees;   5) **voornemens maak** om ons Sy liefde te gee.

Maar kyk nou verder!  Alles wat God die Vader besluit en voorneem, word altyd "in" en "deur" Jesus Christus gedoen. By élke vers in Efesiërs 1 word gesê dat die Vader Sy wil en besluite **in** en **deur** Jesus uitvoer.

Dit is net soos met 'n kragsentrale. Al die besluite en voornemens wat in die sentralekamer geneem word vir ketels, kan net op een manier uitgevoer word, en dit is deur die dinamo.

Nooit kan 'n sentralebesluit anders uitgevoer word, as deur die dinamo nie. Die dinamo is altyd die een wat die wil van die sentrale uitvoer. Net so is Jesus altyd die persoon deur wie alles wat die Vader besluit, uitgevoer word. Jesus bewerk en doen alles wat die Vader wil en besluit vir ons op aarde.

Die Vader is die sentralekamer en Jesus Christus is die dinamo.

## 6. Geloofsekerheid

### 6.1 Wat is dit? Geloofsekerheid?

Wat gee die Vader, Seun en Gees aan ons deur hulle werk? Die een groot saak wat ons deur God ontvang in die Evangelie – is geloofsekerheid.

Wat is geloofsekerheid?

| |
|---|
| Dit is 'n onbesorgdheid en kommerloosheid oor God se liefde vir ons. |

‘Onbesorgdheid’ beteken ons hoef nooit self daaroor te dink of planne te maak nie.

‘Kommerloosheid’ beteken dat ons nooit daaroor hoef te wonder of twyfel nie.

Oor God se genade en liefde vir ons maats, hoef ons nooit te dink, wonder, twyfel of planne te maak nie. Ons kan ook sê dat dit rustigheid is. Ons kan heeltemal gerus wees oor God se genade en liefde vir ons almal.

**6.2 Net soos ketels**

Kom ons vergelyk dit met ketels:

a.) Dink julle ketels moet besluite neem hoe om krag te kry, of planne maak om krag te kry? Hulle doen nooit so iets nie. Dit is besluite en planne wat in die sentrale geneem word!

b.) Dink julle ketels moet probeer om 'n dinamo te draai, of te wonder of daar nou werklik 'n dinamo in die sentrale is?

c) Dink julle ketels moet self die krag van die dinamo gaan haal, of twyfel of die krag ooit by hulle sal uitkom of inkom?

Nee! Dit is almal sake waaroor 'n ketel geen bekommernis het nie, en heeltemal rustig kan wees. Net so werk geloofsekerheid vir ons.

a) Ons hoef nie te besluit of ons Hemel toe wil gaan of nie, ons hoef nie planne te maak om gered te word nie, ons hoef nie voornemens te maak om by God uit te kom nie – die Vader neem sulke besluite vír ons, en Hy voer daardie besluite uit: Hy is ons beheerkamer.

b) Ons hoef nooit iets te doen om te maak dat Jesus ons verlos en alles vir ons omdraai nie. Ketels laat dinamo’s nie draai nie, hulle draai vanself. Jesus draai al ons sondes vanself om, sonder dat ons iets hoef te doen om Hom dit te laat doen.

c) Ons hoef nooit die genade van God deel van ons lewe te maak nie, ons hoef nie te maak dat die Gees ons vervul met God se liefde nie, ons hoef nooit te wonder of te twyfel oor of die Gees ons innerlik sál gee wat uit Jesus en die Vader kom nie. Ons hoef ook nooit na die krag te soek om God te dien en goeie werke te doen nie. Hierdie krag word voorsien vanuit die Hemel, tot binne-in ons harte.

**6.3 Net seker deur geloof**

Al wat 'n ketel oor hoef te kommer, is dat sy kontakpunt op die bruindraad pas. Net so is al wat vir ons nodig is, om altyd ons geloof aan die Evangelie te verbind. Doen ons dit, kan ons heeltemal kommerloos wees oor God se genade en liefde.

Hy sal dit voorsien en deel maak van ons lewe.

Ons kan ook heeltemal kommerloos wees oor ons godsdiens. Die Evangelie sal ons kragtig en diensbaar maak.

Dit is net soos die bruindraad die krag van God se liefde en die stroom van die mens se liefde na al twee kante laat vloei, en ketels se elemente laat werk.

Net deur ons geloof in die Evangelie sal God ons mense maak wat ons talente gebruik tot eer van Sy naam.

**6.4 Besorgd en bekommerd oor ons roeping**

Waarvoor moet 'n ketel sorg? Elektrisiteit? Nee, 'n ketel moet sorg vir kookwater.

Geloofsekerheid oor God en Sy liefde maak ons sulke mense. Ons word mense wat kommerloos is oor God en Sy liefde, want dit word voorsien. Ons word mense wat weer bekommerd raak en sorg dra oor ons talente en ons diens aan mekaar en God.

Pappa of Mamma moet hier teken nadat jy die les vir hulle gewys het:

________________________________

Handtekening: ouer of voog